**BELEID: GEBRUIK VAN SELFONE GEDURENDE SKOOLTYD**
**HOËRSKOOL BRANDWAG**

## 1. DOEL VAN DIE BELEID.

1.1. Die doel van hierdie beleid is om 'n ordelike leeromgewing te bevorder, akademiese prestasie te ondersteun, dissipline te handhaaf en die veiligheid en privaatheid van alle leerders en personeel te beskerm. Navorsing en skoolpraktyke toon dat onbeheerde selfoongebruik leerders se konsentrasie, akademiese prestasie en sosiale interaksie negatief kan beïnvloed.

## 2. ALGEMENE BEGINSELS.

2.1. Leerders mag selfone op eie risiko skool toe bring.

2.2. Die skool, beheerliggaam en personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies, diefstalof skade aan enige selfoon of ander elektroniese toestel nie.

2.3. Selfone moet gedurende die amptelike skooldag afgeskakel word en **buite** sig gebêre wees.

2.4. Slegs tydens **Tweede pouse** mag leerders hul selfone gebruik. Na tweede pouse moet selfone afgeskakel word en **buite** sig wees.

## 3. GEBRUIK VAN SELFONE GEDURENDE SKOOLTYD.

3.1. Geen leerder mag gedurende lesperiodes, klaswisseling, saalbyeenkomste, eksamens, toetse, eerste pouse of enige amptelike skoolaktiwiteit 'n selfoon gebruik sonder toestemming van 'n opvoeder nie.

3.2. Selfone mag slegs vir opvoedkundige doeleindes gebruik word wanneer 'n opvoeder uitdruklik toestemming gee.

3.3. Die neem van foto's, video's of klankopnames van enige persoon op die skoolterrein sonder toestemming is streng verbode. (volgens die POPIA wet)

3.4. Die gebruik van selfone vir kuberafknouery, die verspreiding van onvanpaste inhoud of die skending van ander persone se privaatheid sal as ernstige wangedrag beskou word.

## 4. KOMMUNIKASIE MET OUERS.

4.1. Indien 'n leerder gedurende skooltyd (buiten tweede pouse) 'n ouer of voog moet kontak, moet dit deur die skoolkantoor gereël word.

4.2. In noodgevalle kan toestemming deur 'n personeellid verleen word vir die gebruik van 'n selfoon.

## 5. EKSAMENS EN ASSESSERINGS.

5.1. Geen selfoon of slimtoestel mag tydens toetse of eksamens in 'n leerder se besit wees nie.

5.2. Oortredings sal as 'n eksamenonreëlmatigheid hanteer word en sal tot verdere dissiplinêre optrede lei.

## 6. DISSIPLINÊRE OPTREDE.

Die volgende stappe kan toegepas word:

6.1. **Eerste oortreding:**

6.1.1 Demeriete punte van (-30).

6.1.2 Mondelingse waarskuwing word aan die leerder uitgereik.

6.2 **Tweede oortreding:**

6.2.1 Selfoon word vir drie dae gekonfiskeer.

6.2.2 Ouer word in kennis gestel.

6.2.3 Skriftelike waarskuwing

6.2.4 Demeriete punte van (-50)

6.3 **Herhaalde/derde oortreding of ernstige oortredings (jaarliks hersien):**

6.3.1 Dissiplinêre verhoor.

6.3.2 Verdere sanksies volgens die skool se gedragskode.

## 7. UITSONDERINGS.

7.1 Die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde kan in uitsonderlike gevalle toestemming verleen vir die gebruik van selfone vir:

7.1.1 Mediese redes:

7.1.2 Opvoedkundige projekte:

7.1.3 Noodkommunikasie;

7.1.4 Ander goedgekeurde skooldoeleindes. (antwoordstelle afneem)

## 8. SLOTBEPALING.

Alle leerders en ouers moet kennis neem van hierdie beleid. Die beleid vorm deel van die skool se gedragskode en is bindend vir alle leerders gedurende die skooldag en by alle amptelike skoolaktiwiteite.

Goedgekeur deur die Beheerliggaam op: 19 April

Datum van inwerkingtreding: 27 Julie

Handtekening van die Skoolhoof: ____________________

Handtekening van die Voorsitter van die Beheerliggaam: ____________________

**BELEID RAKENDE DIE GEBRUIK VAN DAMPROOKTOESTELLE (VAPES) EN ANDER TABAKPRODUKTE GEDURENDE SKOOLTYD:**

**HOËRSKOOL BRANDWAG**

## 1. DOEL VAN DIE BELEID.

1.1 Die doel van hierdie beleid is om 'n veilige, gesonde en produktiewe leeromgewing vir alle leerders en besoekers te verseker. Die skool bevorder 'n rookvrye en dampvrye omgewing en ontmoedig die gebruik van alle damptoestelle vir leerders.

## 2. TOEPASSINGSGEBIED.

2.1 Hierdie beleid is van toepassing op:

2.1.1 Alle leerders van die skool;

2.1.2 Alle skoolterreine en geboue;

2.1.3 Skoolvervoer;

2.1.4 Skoolaktiwiteite, uitstappies, sportbyeenkomste en ander amptelike skoolfunksies.

## 3. DEFINISIE.

3.1 'n Damprooktoestel (vape/E-sigaret) verwys na enige elektroniese toestel wat in gebruik word om 'n vloeistof te verhit en as damp in te asem, ongeag of dit nikotien bevat of nie.

3.2 Tabakprodukte: sluit in sigarette, sigare, snuif,hookah -of waterpipe of enige ander produk wat deur die wet as `n dwelm beskou word.

3.3 Om bogenoemde produk op jou as persoon,in sak/tas/of enige item te hê, wat onder die besit van die leerder is.

## 4. VERBOD OP DAMPROOKTOESTELLE.

4.1 Geen leerder mag 'n damprooktoestel, vape-vloeistof of enige verwante produk:

4.1.1 Op die skoolterrein gebruik nie;

4.1.2 Gedurende skooltyd in besit hê nie;

4.1.3 Aan 'n ander leerder verskaf, verkoop of versprei nie;

4.1.4 By `n ander leerder staan wat tans damprook gebruik;

4.1.5 Tydens enige skoolaktiwiteit gebruik of vertoon nie.

4.2 Die gebruik van damprooktoestelle in toilette, kleedkamers, sportvelde, skoolbussies en ander afgesonderde areas word as 'n ernstige oortreding beskou. Die gebruik van damprook in Brandwagskoolklere is `n oortreding.

## 5. GESONDHEIDS- EN VEILIGHEIDSREDES.

5.1 Die skool erken dat:

5.1.1 Baie dampprodukte nikotien of ander middels bevat wat verslawend is;

5.1.2 Damprook die gesondheid van gebruikers kan benadeel;

5.1.3 Die gebruik van damprooktoestelle 'n negatiewe invloed op ander leerders kan hê;

5.1.4 Die verspreiding van dampprodukte onder minderjariges **onwettig** is.

## 6. DEURSOEKING EN KONFISKERING.

6.1 Indien daar redelike vermoede bestaan dat 'n leerder 'n damprooktoestel in sy/haar besit het, mag die skool optree volgens die bepalings van die skool se gedragskode en toepaslike wetgewing.

6.2 Enige damprooktoestel wat op die skoolterrein gevind of gebruik word, sal gekonfiskeer word.

## 7. DISSIPLINÊRE MAATREËLS.

Die volgende maatreëls sal toegepas word:

### 7.1 Eerste oortreding

7.1.1 Konfiskering van die toestel;

7.1.2 Mondelingse waarskuwing;

7.1.3 Ouer/voog word in kennis gestel om die toestel binne 24 uur te kom afhaal

7.1.4 Verpligte beradingsgesprek.

### 7.2 Tweede oortreding

7.2.1 Konfiskering van die toestel;

7.2.2 Skriftelike waarskuwing;

7.2.3 Verpligte oueronderhoud met die skool;

7.2.4 Verpligte geskrewe navorsingstaak van 1000 woorde aangaande die nadele van damprook;

### 7.3 Herhaalde of ernstige oortredings

7.3.1 Formele dissiplinêre verhoor met moontlike skorsing ingevolge die Suid-Afrikaanse Skole Wet 84 van 1986
Wet op Beheer van Tabakprodukte 83 van 1993
Wet op Nasionale gesondheid 61 van 2003

7.3.2 Verdere sanksies soos bepaal deur die gedragskode en die beheerliggaam.

## 8. ONDERSTEUNING EN VOORKOMING.

Die skool sal:

8.1 Leerders opvoed oor die gevare van nikotien en damprook;

8.2 Bewusmakingsprogramme aanbied;

8.3 Waar nodig berading of verwysing na professionele ondersteuning fasiliteer.

**9. VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS.**

Ouers word versoek om:

9.1 Hierdie beleid met hul kinders te bespreek; (Sigbaar by skool en op Brandwag-webblad)

9.2 Die skool te ondersteun in die handhawing van 'n dampvrye omgewing;

9.3 Saam te werk wanneer dissiplinêre of ondersteuningsmaatreëls nodig is.

**10. SLOTBEPALING**

10.1 Die gebruik, besit, verspreiding of verkoop van damprooktoestelle deur leerders gedurende skooltyd of by enige skoolaktiwiteit is volgens die BELA Wet sowel as Skole Wet streng verbode. Oortredings sal ingevolge die skool se gedragskode hanteer word.

Goedgekeur deur die Skoolbeheerliggaam op: 19 April

Datum van inwerkingtreding: 27 Julie

Handtekening van die Skoolhoof: [signature]

Handtekening van die Voorsitter van die Beheerliggaaam: [signature]